

9 April

Skrifgedeelte: Handeling 18:1-8
Fokusverse: Handeling 18:6

Omkeer of almal bekeer?

Deel van enige sinvolle omkeerstrategie is die opdrag van ons Here Jesus om sy evangelie te verkondig sodat mense tot bekering kan kom, gedoop kan word en sy kerk so kan groei (Matt. 28:18-20). Tog moet ons waak teen twee uiterstes. Aan die een kant moet ons verwagting nie wees dat alle mense aan wie ons die evangelie verkondig, tot bekering sal kom nie. En aan die ander kant moet die feit dat almal nie tot bekering kom nie, ons nie tot moedeloosheid dryf nie. Paulus het dít in die wêreldstad Korinte beseef.

Soos gewoonlik begin Paulus sy bediening op die sabbat in die sinogage waar hy met Jode en Grieke redeneer. Die Jode het hulle egter teen die evangelie van Jesus Christus verset, en daarom skud Paulus die stof van sy klere af. Dit is duidelik dat Paulus hierdie Jode as heidene beskou omdat hulle nie vir Jesus Christus in die geloof wil aanneem nie. Mens kan dink dat Paulus moedeloos kon raak oor die Jode se teenstand, net soos ons soms moedeloos raak wanneer 'n strategie of aksieplan of alternatiewe bediening nie vrugte oplewer nie.

Tog bemoedig die Here vir Paulus. Eerstens kom Krispus, die hoof van die sinagoge, en sy hele huisgesin tot bekering, saam met nog baie ander Griekssprekendes – Paulus se prediking was dus nie heeltemal verniet nie. Tweedens bemoedig Jesus self vir Paulus. Paulus moet net aanhou om sy roeping uit te leef, want die Here is by hom en baie mense behoort aan Christus. Dié wat aan Hom behoort, sal die evangelie deur Paulus hoor en tot bekering kom.

Hieruit leer ons dat ons met Jesus se bemoediging moet aanhou om sy goeie nuus te verkondig. Nie almal wat dit hoor, sal tot bekering kom nie, maar hulle wat aan Christus behoort, sál die evangelie hoor en tot bekering kom.

Sing: Psalm 96:1, 2, 6 (1936)

Dr. Hennie Goede (Vereeniging-Oos)